

Strek uit na wat voor is.

Uittreksel van Pastoor Nesor se boodskap: B134a Eng/Afr.

Skriflesing uit Phil. 3: 1- 14

Kernvers: 14 – ‘Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus’.

Die tyd gaan so vining verby – en wat is die vooruitsig vir die toekoms en wat kan ons verwag? Daar is soveel dinge wat ons tyd en aandag verg, soveel plekke wat ‘n mens moet volstaan in jou gesin, jou werk, familie, die kerk ens.

Elkeen van ons kan egter terugdink aan soveel seëninge en goeie tye wat ons beleef het , maar so ook baie terugslae en hartseer. Tog moet ons vorentoe kyk en die toekoms in geloofsvertroue tegemoetgaan.

Soos die apostel Paulus sê in vers 12: ‘Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp, omdat ek ook deur Christus gegryp is.’

‘n Mens voel dikwels asof jy nog nie die mylpale bereik het wat jy vir jouself gestel het nie, maar laat ons nietemin vorentoe beur in die krag van die Heilige Gees. Kom ons sit die verlede agter ons; met al sy mislukkings en foute sowel as al die aanklagtes van die duiwel wat hy gedurig teen ons gooi.

Laat ons ons oë vestig op Jesus Christus, die opperste Leidsman en voleinder van ons geloof. Paulus het nie bedoel dat hy alles sou vergeet wat God hom geleer het nie, asook die pad waarlangs hy gekom het nie. Die gat waaruit hy getrek is en die modderslyk waaruit hy gered is nie.

So herinner die Here ook vir Israel op verskeie plekke hoedat sy ‘n slaaf was in Egipte. Maar dat God haar daaruit verlos en vrygemaak het. Nee, Paulus het bedoel, buiten die mislukkings en foute, ook die dinge waarop hy geroem het – God het ‘n wonderlike ding vir Paulus gedoen en so ook vir u en vir my!